

Marianne Basson maak tydens haar rivierekspedisie aantekeninge oor haar lewensreis.

Stroomop na hoop

"Ons was vuil en moeg, maar my roeitog deur die Oranjerivier het my op een van die belangrikste reise van my lewe geneem." Foto's: ONE MORE RIVER

"My hande was flenters, maar my hart het heel geword," is hoe Marianne Basson haar rivierreis beskryf.

Te veel dinge het op een slag in Marianne Basson se lewe verkeerd geloop. Martie Swanepoel vertel van 'n merkwaardige vrou se plek in 'n kolkende rivier.

Dis onmoontlik om stroomop in 'n rivier te swem. Maar as dit jou enigste kans op oorlewing is, doen jy dit. Al is jou liggaam en gees gestroop van krag.

Marianne Basson het in 1955 as een van 'n tweelingdogtertjies die eerste lewenslig aanskou. 'n Gewone, ondramatiese lewe in 'n liefdevolle huis het gevolg.

'n Mens kan haar lewe met 'n rivier vergelyk. Eens was dit 'n stil, vreedsame stroom, maar gaandeweg het dit oor die een stroomversnelling na die ander begin vloei. Storms het vloedwaters laat afkom.

Haar epilepsie en verbrokkelende huwelik was troebel waters in haar lewe. Toe begin 'n knaende rugpyn haar pla. Sy moes 'n rugoperasie ondergaan en dokters het haar epilepsiemedikasie 'n paar dae voor en na die chirurgie gestaak.

Net na die chirurgie het sy 'n massiewe epileptiese aanval gekry en dit het die werk wat die chirurg aan haar rug gedoen het, beskadig. Haar bene was daarna verlam. Die belofte dat lewe na haar bene gaandeweg sal terugkeer, het vervaag in dae van konstante pyn.

Sy was gebonde aan 'n rolstoel en medici was versigtig om weens haar epilepsiegeskiedenis weer te opereer.

Sy het tog later besluit om vir 'n operasie te gaan wat die pyn sou verlig. Terwyl sy van die operasie herstel het, het sy 'n swelling in haar linkerbors gevoel.

Haar lewe het weer in 'n warboel van draaikolke en stroomversnellings beland. Haar man het haar verlaat en sy het twee mastektomies ondergaan.

Sewe maande van chemoterapie het haar hare laat uitval. Haar lyf van 32 kg kon nie meer teen die kanker veg nie en medici het haar daarop voorberei dat sy 'n terminale fase ingaan.

"Niks wat ek in my lewe beleef het, kon my voorberei op daardie oomblik nie. Ek het nie geweet hoe om dood te gaan nie. Ek het diep binne my na sterkte gesoek en besluit positiewe denke was my enigste oorblywende wapen."

Sy het besluit om stroomop te begin swem met die bietjie krag wat sy nog oorgehad het. Met elke haal het sy 'n stukkie van haar lewe teruggewen. In 1996 het haar kanker in spontane remissie gegaan. 'n Jaar daarna het sy besluit om weer aan haar rug te laat werk en kon sy haar rolstoel wegpak.

Dit was tyd om die lewe te begin vier!

Tydens die geveg om lewe het sy geleer om elke klein dingetjie te waardeer. Liefde van haar ouers en haar naastes het haar gedra.

Met 'n dubbele mastektomie het sy haar selfvertroue in haar vrouwees verloor, maar toe sy Terry Gallagher, 'n geesdriftige roeier, ontmoet, het sy nie net selfvertroue as roeier ontwikkel nie, maar ook haar vrouwees herontdek.

"My nuutgevonde sterkte en energie het 'n vuur diep binne my aangesteek. Nie net kon ek in ritme saam met Terry roei nie, maar het ek ook begin voel hoe ons harte as een begin klop."

Hul vriendskap en liefde het gegroei en hulle het besluit om saam die waters van die Oranjerivier aan te durf.

"Daar was so baie woedende riviere in my verlede, so baie diep donker water. Ek het nie 'n keuse gehad as om hulle oor te steek nie. Dit was my noodlot, maar het my voorberei op wat ek van nou af sou aanpak."

Met haar tog deur die Oranje wou sy vir ander vroue wys daar is lewe na borskanker. Sy en Gallagher wou van Lesotho tot by Oranjemund roei.

"Ek het realistiese vrese gehad. Sou ek dit kon doen? Wat van die stroomversnellings en draaikolke?"

Maande se deeglike voorbereiding het gevolg tot hulle in April 2002 die tog aangepak het. Yskoue nagte, avonture, baie lag, moegheid, maar ook kameraderie het hulle haal vir haal deur die dae op die rivier geneem.

Daar was harde dae, blase op hulle hande. Hulle was by tye smerig, maar daar was ook idilliese tye.

Die tog het vir haar 'n ander soort oorwinning geword. Sy kon kanker en ander maalstrome in haar lewe oorkom, en ook fisiek die stroomversnellings en kolke van die Oranjerivier.

"Sal ek dit weer aanpak? Absoluut ja, ja en ja. Ek sal beter voorbereid wees. Daar was koue nagte en nagmerries, maar dit was een van die hoogtepunte van my lewe."

Sy het besluit om haar lewensverhaal asook haar tog deur die Oranjerivier neer te skryf om ander te inspireer: Al beland jou lewe in die donkerste riviere en draaikolke, kan jy daardeur swem. Al voel jy soms jy swem teen die stroom.

Haar verhaal is 'n merkwaardige storie van hoop. Die verhaal van 'n vrou en haar plek in 'n rivier vol maalstrome. Maar dit is 'n verhaal wat vir elkeen van ons hoop gee.

Haar boek, *One more river*, is vir elkeen wat dink die lewe het sy rug op jou gedraai.

"Ek het diep in myself gedelf en hoop gevind."

Dit was net 'n sprankie, maar dit het haar genoeg krag gegee om terug te veg.

Daar is dalk nog baie riviere waarin sy in haar lewe sal moet swem, maar sy weet nou sy is sterk genoeg om elkeen aan te pak.

■ *One more river*, Marianne Basson (Griffel, www.griffel.co.za).